JOHANNES 8:1-11 NGK MIEDERPARK 30/8/09

TEMA: NAASTELIEFDE Ds Okkie Cilliers

Die mooiste dinge kan oor naasteliefde gesê word en mense sit die mooi woorde om in pragtige dade en hulle geniet die seën van die Here. Vir baie ander bly dit ongelukkig net mooi woorde en hulle optrede bevestig dat mense verskriklik wreed teenoor mekaar kan optree. Sulke harde optredes is ongelukkig nie net tot die mense van die wêreld beperk nie. Inteendeel; Christene kan die hardste mense wees wat die wreedste met mense kan werk.

In die bepaalde gebeure wat in die voorhof van die tempel afspeel is daar drie hoofkarakters:

1. Die skare wat aangehits is deur die Fariseërs, die dominees van daardie tyd. Hulle is almal rasegte Jode met diepe geloofsoortuiginge. Agter hulle optrede is honderde jare se denke wat op spesifieke maniere gevorm is.

2. Die vrou. Dit lyk asof sy 'n prostituut was want 'n man is na haar toe gestuur. Ek wonder hoekom het sy dit gedoen? Sy het 'n berekende risiko geloop want as Jood het sy geweet wat gaan gebeur as sy gevang word (Lev 20:10). Joodse vrouens was nie prostitute nie – ander nasies soos die Samaritane en die Kanaaniete het dit gedoen. Dalk het haar man haar gelos en was sy desperaat? Ek wonder of sy 'n kind gehad het? Waar was haar ouers?

   Hier is sy uitgevang terwyl sy met die dood gespeel het. As die sentiment uit die gebeure gehaal word kan niemand regtig jammer vir haar wees nie en sy verdien wat sy kry.

3. Jesus is in 'n moeilike situasie. Die Fariseers gebruik hierdie vrou om Jesus in 'n swak lig te stel. Hulle lei haar in 'n lokval (die man wat saam met haar is kom skotvry uit!) en misbruik die situasie om Jesus te verneder as hulle Hom vra wat moet hulle doen. Hulle weet Hy kan net een van twee dinge sê: los haar (Jesus praat mos oor genade!) of stenig haar (soos wat die wet vereis). En wat Jesus ook al sê kan teen Hom gebruik word: sê Hy los haar kan hulle sê dat Hy mense aanmoedig om die wet te breek; sê Hy stenig haar is sy hele reputasie daarmee het as een wat omgee vir gevalle mense.

Teen die agtergrond gee Jesus 'n preek oor naasteliefde en niemand kon Hom misverstaan nie.

Wat vorm ons denke oor ons naaste? Baie dinge!

Ons sit ook met 'n klomp **tradisies** wat oor baie jare gevorm is. *Kultureel* is ons deel van 'n bepaalde gemeenskap wat ons gevorm het sodat ons op 'n bepaalde manier optree. As iemand dieselfde dink as ek is dit maklik om hom tegemoet te kom want ons deel dieselfde oortuiginge en ek weet dat hy sal waardeer wat ek vir hom doen. Ook as iemand dieselfde doen soos wat ek doen is dit redelik maklik om hom te help want ons deel immmers dieselfde waardes. Dit word dan maklik om korrek op te tree en naasteliefde te betoon. Dit is net so maklik om een wat soos jy is se foute uit te wys

en dan nog steeds liefde te bewys want daar word nie buite die grense wat deur my eie groep opgestel is, getree nie**.** Ja, mense uit dieselfde groep doen oneindig moeite met mekaar. As dieselfde ding egter gebeur met mense wat nie deel van hul groep is nie, verroer hulle meestal nie ‘n vinger nie.

By uitstek het dit in die Jode se harte geleef. Daar was ‘n ryke tradisie dat hulle God se uitverkore volk is en dat geen ander nasie daardie voorreg deel nie. Toe hulle in 538vC uit die ballingskap terugkeer het daar in Palestina reeds ‘n basternasie ontwikkel tussen die klompie Jode wat agtergebly het en vreemdes wat daar hervestig is. Hulle is die Samaritane genoem en geen Jood het enigiets met hulle te doen gehad nie en hulle is honde genoem. Dieselfde gesindheid het teenoor die Romeine bestaan. Onder geen omstandighede is enige deernis aan ‘n Romein bewys nie omdat hy dit nie verdien het nie. Gevalle is bekend dat Jode wat met Romeine besigheid gedoen het, se keel in die nag afgesny is!

Hierdie gevormde tradisies leef steeds in die mense van vandag se harte. Mense wil liefhê, maar het die grense en inhoud van daardie liefde bepaal en hulle het die Samaritane en Romeine in hul lewens geïdentifiseer wat liefs eenkant gehou word. Dis die mense wat nie verdien om oorweldigend liefgehê te word nie omdat hulle anders is of verkeerd gedoen het.

Ons **<u>teologiese agtergrond</u>** vorm ook ons siening oor naasteliefde. Liefde is vir ons ‘n belangrike saak want dis iets wat in die Bybel leef. Omdat dit vir God belangrik is, is dit vir ons belangrik.

- In die OT is dit ‘n saak wat uitstaan: o.a Lev 19, Spr 11:12; 14:21, Deut 10:18-19
- In die NT is dit steeds belangrik: o.a. Mat 5:43-44; 22:39; 1 Joh 2:10; 3:15,18; 4:20.

Omdat ons in God glo hoor ons die opdragte van naasteliefde en dis vir ons belangrik (Joh 15:12). Die kerk leer dit dan ook aan sy lidmate. Ons is van kleintyd grootgemaak om mekaar lief te hê!

<u>Praktiese ervaring</u> slyp ook ons denke oor naasteliefde. Om met ‘n teorie te werk is goed, maar wie prakties met die lewe kennis gemaak het dink en doen dikwels anders. Wie deur ‘n motorkaping gegaan het dink anders oor die een wat hom skade aangedoen het. Wie deur bose mense aangerand is en die dood so in die oë gekyk het, kyk ook met ander oë na hoe/of sulke wreedaardige mense liefgehê kan word. Iemand wat gesien het hoe verhoudings breek en bitter geword het oor die manier waarop dit gebreek het (bv. ‘n egskeiding) steek nie maklik weer ‘n hand van hulp na die mens wat hom/haar seergemaak het nie

Die dinge wat ons denke vorm oor naasteliefde, vorm ‘n *geweldige dryfkrag* in ons lewens. Dikwels laat dit mense heeltemal anders optree as die normale. Want in denke wat gevorm is, is sekuriteit en

dit gee vastigheid aan die lewe rondom ons – veral as dit ‘n groep mense is wat dieselfde dink. Daarom is dit so verskriklik moeilik om patrone wat lankal vasgelê is, te verander. Dit sou beteken dat die manier waarop dinge vir ‘n lang tyd gedoen is, skielik bevraagteken moet word: het ek ‘n bepaalde standpunt oor ‘n mens of hoor ek die Here se stem in die optrede teenoor ‘n mens?

- Is dit nie hoe ons in elke dag se verhoudings met mense rondom ons werk nie: elkeen het vir homself ‘n bepaalde sisteem uitgewerk en dit bepaal hoe elke mens rondom ons behandel word. Die huishulp, petroljoggie, skoonfamilie, kerkmense... word binne ‘n bepaalde paradigma behandel.

As iemand op ‘n bepaalde manier opgetree het word daar weer op ‘n bepaalde manier teenoor hom opgetree. As iemand een seer gemaak het, irriteer het en foute gemaak word so iemand beoordeel i.t.v. dit wat hy gedoen het. **Jou optrede teenoor hom word bepaal deur sy optrede teenoor jou.**

Teen die agtergrond kan die Fariseërs se optrede beter verstaan word. Hulle het bepaalde vaste punte in hul samelewing wat oor baie jare gevorm is wat nou deur Jesus bevraagteken word en dreig nou om uitmekaar te val. Want Jesus is of reg of verkeerd – en as Hy reg is beteken dit dat alles sal moet verander want dan sou die Jode nie so spesiaal voor God wees as wat hulle gereken het nie en Samaritane en Romeine en andere moet ook gereken word. Die hele onderwyssisteem, kerklike bediening en politieke denke sal moet verander –en daarvoor het hulle nie kans gesien nie. Daarom moes Jesus weg want Hy pas nie in nie. Hoe kan Hy ‘n Kanaanitiese vrou se dogter gesond maak, hulle is immers honde (Mat 15:22)... Hoe kan Hy goed wees vir ‘n Romeinse soldaat (Luk 7:2) terwyl Hy een van sy eie jong Joodse manne van Hom wegstuur (Luk 18:23)...?! Hulle het Jesus beoordeel volgens dit wat hulle omgekrap het en vies gemaak het. Dit het hulle so blind gemaak dat hulle harde mense geword het en dat hulle ter wille van hul saak mense vertrap het. Dan word dit so maklik om mense te vergruis in die naam van geregtigheid!

Die Jode wat fanaties oor hul eie mense was, *gebruik nou een van hul eie mense*, ‘n Joodse vrou, om Jesus by te kom. Hulle verneder ‘n vrou deur verskriklike dinge aan haar te doen (‘n lokval vir haar te stel want sy is “op heter daad betrap” en dan die man skotvry te laat gaan) net omdat hulle Jesus in ‘n swak lig wil stel. Van Jesus moet ontslae geraak word want Hy pas nie in nie!

- Dit bevestig net weer dat een wat *gedryf word* deur sisteme nie lief kan hê nie. Natuurlik mag ‘n mens in sake/sisteme glo, maar gedryfde mense verloor perspektief en die saak *wat gedien kan word* word bo die mens gestel *wat liefgehê moet word*.

En dan tree Jesus op. Dis vir ons verskriklik moeilik om sy optrede te verstaan want dit lê buite ons verwysingsraamwerk van “’n oog vir ‘n oog en ‘n tand vir ‘n tand” – *daar is geen verwyte nie maar net genade*. Jesus *bedien haar* met God se liefde!!

Hy ontmasker die vrou deur oor God te praat en nie oor haar verkeerde dinge nie. Op die manier ontdek sy wat haar werklike naaktheid is – nie die feit dat sy daar voor die mense sonder klere staan omdat sy uitgevang is nie, maar haar gebrek aan God in haar lewe. Deur haar te bedien met God se liefde ontdek sy dat dit waarmee sy besig is nie geluk kan bring nie. Deur Jesus se optrede sien sy God se genade raak en ontdek ware geluk en lewe.

- Waaroor praat jy met mense? Oor hul foute of oor God se goeie vergifnis en lewe?

Dit is naasteliefde – om ‘n bediende van God se genade te word. Jy moet so in die skoene van mense gaan staan dat hulle nie die Fariseërs se sisteme raaksien nie maar die vrye genade van God kan beleef. Dis wat Jesus gedoen het. Hy verstaan dat ‘n vreesbevange vrou honger is vir genade en skreeu na die liefde van die Here. Toe word Hy God se bediende wat die liefde so sigbaar maak deur te sê: “Jy is vergewe. Moenie dit weer doen nie.” Sy hoor dat God genade het.

Hy ontmasker ook die skare. Die korrektheid waarmee hulle wou optree wys hy uit as moord. Daarom dat Hy hulle uitdaag om die moord konsekwent verder deur te voer en haar dood te gooi met klippe. Sy woorde sny soos messe: “As julle nie wil liefhê nie, voer dan uit waarmee julle besig is. Om nie lief te hê nie is moord en dit kan net sowel tot die daad gebring word!” Maar Jesus trek ‘n streep as Hy ‘n voorwaarde daaraan koppel: “ Die een wat sonder sonde is, moet die eerste klip gooi.” *Want iemand wat haat gooi klippe terwyl een wat liefhet nie ‘n klip kan optel nie.* Jesus daag hulle uit: “As jou hart sag geword het en jy geleer het wat liefde is, kyk of dit moontlik is om dan ‘n klip op te tel en dood te gooi.” Dit dwing ons om kritiese na onsself te kyk.

Want net moordenaars het nie lief nie en kan hard met mense werk (1 Joh 2:10-18). Slegs diegene wat deur Jesus ontmasker is en self eers God se genade gesien/beleef het, kan hulle klippe laat sak en jare se vooroordele los om met nuwe oë na God se sondaars en hulself te kyk. Slegs dan is dit moontlik om mense met God se vergifnis te bedien. Jy moet ook eers self daar kom waar die vrou was sodat jy genade vry kan beleef. Net diegene wat voor God gebreek het kan gebreektes help. Ander tel klippe op en gee hulself weg – hulle het nie vrede met die Here nie!

Maar die skare stap weg en sien nie kans vir die goed nie. *Hulle sien nie kans om die (fisiese) moord te pleeg nie maar sien ook nie kans om lief te hê nie*. Nie een van hulle reik uit na die vrou om haar te help nie. Hulle verniel haar en los haar net so. Hulle weet hulle het haar verniel maar stap uit op haar. *Al is dit hierdie vrou se eie skuld dat sy sit waar sy sit, mag hulle as God se mense nie op haar uitloop nie.*

Die gesindheid is vandag steeds springlewenig in mense se harte: hulle vergruis en verneder en stap dan weg asof niks gebeur het nie. Voorbeelde hiervan is baie: hoeveel huwelike is rotse toe oor die een die ander vergruis het en dan voortgaan het asof niks gebeur het nie. Hoeveel pa’s het hulle kinders verniel deur standaarde te stel en hard en klinies op te tree! Toe word die kinders groot en pleeg dieselfde moord weer van voor af met hul eie kinders. Dan wonder die pa’s wat sou nou met die kinders verkeerd kon loop dat hulle so optree en so met hul eie kinders werk...?!

As die skare wegstap bly net Jesus oor en so val die fokus op dit waaroor alles regtig gaan: JESUS ALLEEN! God se genade kom enkel en alleen aan die woord deur die optrede van Jesus.

- Dit is naasteliefde! God kom aan die woord.

Dis waaroor vandag gaan.

1. Dis om net daar waar jy is met wie ook al jou pad gekruis het so op te tree dat die skare, die Fariseërs en die vrou God se liefde kan sien. Eie teologie, politiek, nasionalisme of wat ook al is mooi en gerieflik, maar dit trek niemand God se koninkryk binne nie.

- Net daar waar jy is moet almal die goedheid van die Here in jou sien en Hom vir iemand soos jy dank.

2. Wie lê die Here nou op jou hart?

- As daar iemand is wat jy reeds bedien met die liefde van die Here, moet jy voortgaan om dit te doen. Dis nie aldag maklik nie, maar jy kan die seën van die Here op jou werk verwag en God sal jou eer.

- As daar iemand is wat deur ander met klippe gegooi word, moet jy omdraai en daardie persoon gaan beskerm en die klippe wegkeer sodat hy die genade van die Here kan beleef. Dis nie maklik om dit te doen nie want verseker gaan jy ook deur die klippe getref word en jy sal saam met die een wat gegooi word uitgeskel word as 'n meeloper. Moenie simpatie van die skare verwag nie want hulle pleeg eerder moord as om 'n sagte hart te hê. Jou optrede tel 'n stukkende mens op en bring hoop in 'n harde wêreld (en ook 'n harde kerk?) dat alles nie maar net sleg, hard en verlore is nie.

- As daar iemand is wat swaarkry en nakend in die lewe lê omdat dinge gebeur het wat haar wreed behandel het, moet jy omdraai en haar naaktheid gaan toemaak. Dis nie maklik om dit te doen nie want dit gaan jou geld en tyd kos en persoonlike opofferinge sal gemaak moet word. Dis juis die wat barmhartig is wat deur die Here gelukkig genoem word (Mat 5:7).

- As jy die een is wat die vrou gekwets en verwond het, moet jy haar wonde gaan verpleeg. Moenie (openlik of subtiel!) aanhou om haar te verwyt oor wat sy verkeerd gedoen het nie. Gaan terug en gaan vra vergifnis waar jy verkeerd/te haastig was en toe seer gemaak het. Moenie maar net voortgaan en hoop dat dinge vanself sal regkom nie – dit sal nie. Gaan vra verskoning vir die pyn wat jy veroorsaak het en leef God se liefde net daar uit.

  As iemand jou so om vergifnis kom vra, moenie jou hart hard maak en nie wil vergewe nie (Mat 6:14-15).

- As jy die vrou is wat uitgevang is of op die punt staan om uitgevang te word, moet jy stop en ook die sagte woorde van die Heiland hoor: "Ek vergewe jou – gaan en sondig nie meer nie." Jy moet jouself ook liefhê. Moenie jouself haat nie want jy haal dit op ander mense uit en jy tree net so hard teenoor hulle op as teenoor jouself. Vergewe jouself en gun jouself die nuwe kanse van die lewe omdat die Here se genade gratis en verniet is.

  As ander voortgaan om jou te stenig moet jy vrede daarmee maak dat jy daar niks aan kan doen nie. Om met hulle te praat help gewoonlik nie en dis water op die meule want hulle gaan net voort. Vergewe hulle en spreek hulle vry (al verdien hulle dit nie) want daarmee maak jy jouself vry van die kettings waarmee hulle jou gebind het (2 Kor 2:5-11). Maar bly dan onder onder die voete van hierdie mense uit want hulle is gemeen en sal aanhou om jou skade aan

te doen (1 Tim 1:20 en 2:4:14). Gee hulle oor aan die woede van die Here – Hy sal hulle wreedheid teenoor straf.

Dit was laatnag toe die jongman in die straat opgelaai is. Op die vraag waarheen hy op pad is, het hy gesê dat hy maar net ronddwaal en nie huistoe wil gaan nie want hy sien nie kans vir die moeilikheid by die huis nie. Hy het verkeerd gedoen, sy vonnis uitgedien en die prys vir sy misdaad is betaal. By die huis is dit egter net ‘n bakleiery en dinge word elke dag voor sy kop gegooi. Hy sien nie meer die nut van die lewe in nie en wonder of hy nie maar ‘n einde aan alles moet maak nie. Hy is tog net vir almal ‘n oorlas en dit lyk asof daar nie vir hom iewers ‘n plekkie is nie… Ander mense se harde harte het byna sy eie lewe gekos!

Naasteliefde is om mense met God se liefde op enige plek en enige manier te bedien. Mag jy dit so beleef.

Amen.